SAKE 24 (Beeld), Naweek
Saturday, 24 January 2009, p. 5

Swak finansiële bestuur kan jou onderneming baie gou kelder

In Suid-Afrika misluk sowat 80% van alle KMO's in hul eerste jaar. Wat kan jy doen om te sorg dat jy nie een van dié statistieke word nie?

Volgens mnr. Steven Cohen, besturende direkteur van Softline Pastel, het navorsing in die Verenigde Koninkryk deur die maatskappy Kashflow getoon dat 49,8% van alle mikro-ondernemings (wat ons in Suid-Afrika KMO's noem) hul boeke met die hand doen.

Swak finansiële bestuur en beplanning dra daartoe by dat tot sowat 70% van alle nuwe ondernemings reeds in hul eerste bestaansjaar hul deure moet sluit.

"Met ander woorde, deur jou kennis van die finansiële posisie te beperk deur 'n handstelsel eerder as van geoutomatiseerde, geïntegreerde stelsel te gebruik wat dadelik data beskikbaar het wat jy kan gebruik om te beplan, kan jy jou onderneming kelder."

Maar watter produk is reg vir jou onderneming?

Dit hang van jou onderneming af. Hoe groot en ingewikkeld is dit? Hoeveel verskillende produkte en dienste bied jy aan? Is dit 'n kontant- of rekeningstelsel? Voer jy enigiets in of uit? Wat is jou uitbreidingsplanne?

Sulke inligting sal bepaal watter soort pakket vir jou onderneming geskik sal wees.

Watter soort tegnologie wil jy graag gebruik? Gee jy byvoorbeeld vir jou verkoopspersoneel selfone wat aan jou stelsel gekoppel is? Het jy 'n webwerf wat jou kliënte kan gebruik om bestellings te plaas en stuur jy jou fakture outomaties per e-pos uit?

"Sodra jy al die vrae beantwoord het, kan jy na die regte programmatuur begin soek. Gewoonlik is oplossings wat jy oor die toonbank kan koop, goedkoper as programmatuur wat spesiaal vir jou geskryf word, selfs al pas jy dit 'n bietjie aan om in jou behoeftes te voorsien.

Die programmatuur wat jy kies, moet maklik wees om te gebruik.

Kies 'n oplossing sonder ingewikkelde rekeningkundige taal wat dit duidelik maak hoe en waar jy jou inligting moet invoer.

Dit sal ideaal wees as die voorblad van die programmatuur ook vir jou 'n opsomming van jou onderneming gee, soos byvoorbeeld jou tien produkte wat die beste verkoop, jou tien belangrikste klante, asook jou tien grootste uitstaande rekeninge.

"Dit is hoe 'n geoutomatiseerde rekeningkundige stelsel jou onderneming kan beheer en dit is hoe jy kan keer dat jou onderneming misluk," sê Cohen.